



DIE BEELD VAN GOD.

In hierdie dae het 'n apologet vir die NHKA die lede van die Geloofsbond nogal negatief beoordeel, want die Bondslede is, volgens sy siening; “ .. een-dimensionele kaartmannetjies wat op 'n ongevoelige wyse op kerklike terrein 'n politieke agenda deurdruk.” Dit is interessant dat die beskuldiging van politiekery op kerklike vlak hier gebruik word. Na my wete was dit veral die Engelse redakteurs van koerante soos **The Star** en die **Rand Daily Mail** wat deur die Goudmynbasis van die Witwatersrand besit was, wat al daar van die vroeë 1940's af konsekwent alles wat 'n Afrikaner gesê of gedoen het, afgemaak het as “politiek” en daarom onaanvaarbaar En dan sommer 'n klomp fris byvoeglike naamwoorde gebruik het om te wys hoe groot sy afkeer van 'n Afrikaner is. Interessant dat kerkmanne deesdae daardie tradisie om te skel op Afrikaners lewendig hou.

Dan het dit hierdie kritikus van die Geloofsbond seker ontgaan dat al vroeg in hierdie botsing beswaar aangeteken is teen Besluit 54/69 omdat

daardie besluit kan bots met Ordereël 3.1 van die Kerkorde van die NHKA. Maar nou het die meerderheid van die Algemene Kerkvergadering Besluit 54/69 aanvaar. Dit is dan volgens die NHKA die einde van die verhaal.

Maar die besluit is moontlik **nietig** omdat die Ko-reëling met die neem van die besluit nie in ag geneem is nie. Dan ontstaan die vraag of die besluit regtig geldend is. Ordereël 3.1. stel immers :

“Vergaderings neem besluite

- op grond van die Skrif,
- in ooreenstemming met die belydenis van die kerk en
- met inagneming van die gebruike van die kerk.”

En één van die gebruike van die NHKA was om sorgvuldig rekening te hou met teologiese publikasies en menings van ampsdraers van die kerk wat gehelp het om die teologiese insig en tradisie van die kerk te bepaal. Dit is nooit verstaan as onfeilbare menings nie (soos 'n meerderheidsbesluit van 'n AKV), maar as belangrik genoeg om mee rekening te hou. En een van daardie erfstukke is prof. HP Wolmarans se proefskrif: **God en**

mens. Die mens naar die beeld van God. 1932. Dit was en is 'n belangrike werk. Juis hier kan mens by Wolmarans 'n verantwoorde mening kry wat nie gekleur is deur die siening van die (sosialistiese) teologie waaruit die Bevrydingsteologie **en** die Belhar-belydenis **en** die 69e AKV se aanvaarding van Beskrywingspunt 54 ontspring het nie.

Wolmarans het in sy proefskrif, na sorgvuldige raadpleging van die Bybel, bevind dat God en mens nie dieselfde is nie, nie wesens-gelyk nie en verskil soos die pot en die Pottebakker. Daarom wys hy daarop dat in die Nuwe Testament, **Christus** die beeld van God genoem word. Dit dui weer daarop dat die mens wat **na die beeld van God** geskep is, slegs in 'n betrekking tot God staan, naamlik dié van skepsel teenoor Skepper en dat daardie betrekking deur die Woord van God bepaal word. God spreek die mens aan en die mens kan God antwoord! So is die mens nog **gespreksgenoot** van God, maar nie meer beeld van God nie. Dit is soos die Bybel en die Geloofsbelydenis, NGB art. 14 dit sien. Maar nou ja, in die NHKA is die dienaars van die Woord, so lyk dit deesdae, nie so een-dimensioneel dat

hulle gebind is aan hulle handtekening onder die Proponentsbelofte en aan Ordinansie 1.2 van die Kerkorde nie.

Maar, dan nog steeds kom dit voor asof Besluit 54/69 nie volgens Ordereël 3.1 geneem is nie. Hierdie beswaar, hoewel reeds ge-opper, is nog steeds nooit en nêrens beantwoord nie. Dit is eenvoudig negeer, want sien die meerderheid van die AKV het kláár besluit en dan is enige beswaar wat daarteen gemaak word: **'n politieke agenda!** So eenvoudig is dit. Die multi-dimensionele standpunt van die NHKA is mos: stem saam of trap ! En ás jy dan trap word jy nog verder uitgeskel, uitgetrap en vertrap.....

Die argument oor die kwaliteit van die Bondslede laat my dink aan 'n opmerking van President CR Swart. Hy was nogal lief om daarop te wys dat as 'n mens jou arms om die nek van jou vyand slaan, dan is jou voete los om jou eie mense te skop.

AD Pont.

Pretoria.

Junie 2014.